## Perlemoenboerdery in Suid-Afrika

Artikel soos verskyn op 1 Oktober 2012, Die Burger.
Deur Malani Venter

Hermanus – Perlemoenboerdery in Suid-Afrika is aan die groei en kan in die toekoms ‘n beperkende impak op perlemoenstropery hê.

So het Christo du Plessis, besturende direkteur van Abagold, by die viering van die 21ste Walvisfees hier gesê. Abagold bedryf groot perlemoenplase by Hermanus. Hy was Saterdag een van talle sprekers by die ekspo oor mariene bedreigde spesies wat in ‘n markiestent gehou is. Tydens die vierdaagse fees, wat vandag eindig, is verskeie mariene-verwante onderwerpe, waaronder wavis- en dolfynkyk in Suid-Afrika, navorsing oor die grootwithaai en die Afrika-pikkewyn, bespreek.

Verskeie uitstallings is ook gehou en besoekers kon in die mini-teater na die dokumentêre prente oor walvisse, haaie en robbe kyk.

Du Plessis het lig gewerp op perlemoenboerdery in Suid-Afrika, asook wêreldwyd. Hy het gesê boerdery verseker nie net gehalte-perlemoen nie, maar kan ook ‘n voorraad volhoubaar voorsien.

“Dit kan op lang termyn ‘n groot impak op perlemoenstropery hê. Perlemoenboerdery het ook ‘n positiewe impak op die plaaslike ekonomie en dra tot werkskepping by. Op die perlemoenplase in Hermanus se hawe is 500 mense heeltyds werksaam.“

Sowat tien perlemoenplase is aan die Suid-Afrikaanse kus geleë. Benewens die in Hermanus is daar ook plase by Gansbaai, Oos-Londen en aan die Weskus. Altesaam 80% van die  land se perlemoenproduksie kom uit die Overstrand.

Du Plessis het voorts gesê 70 000 ton perlemoen word jaarliks wereldwyd geteel, waarvan sowat 7 000 ton deur Suid-Afrika voorsien word. China produseer 50 000 ton. Die grootste afsetmark vir perlemoen is Hongkong, vanwaar dit na onder meer China, Singapoer en Japan uitgevoer word. Chinese is die grootste verbruikers.

Volgens Du Plessis is daar ‘n mistiek verbonde aan perlemoen.

“’n Huisvrou sal nie sommer die perlemoen gaan koop en voorberei nie. In restaurant is dit ‘n duur gereg. Op die market wissel die prys van R1 200 tot R16 000 per kilogram.”



Christo du Plessis, besturende direkteur van Abagold Ltd, tydens die Walvisfees in Hermanus